op die oog af vir ons na teenstrydighede lyk. Veral sukkel ons met die drie-enigheid van God, die twee nature van Christus, en ons tema - die samehang van God se soewereiniteit en die mens se verantwoordelikheid in die redding van sondaars.

'n Teenstrydigheid is om te sê dat iets in dieselfde sin wáár is, en terselfdertyd ook nié waar is nie (Eng.: *contradiction*; Latyn: *contra*, teen + *dico*, praat). Dis om byvoorbeeld te praat van 'n vierkantige sirkel. Dis absolute onsin. Dit doen die wette van die logika geweld aan.

*In die Bybel is daar geen teenstrydighede nie. En om God daarvan te beskuldig, is lasterlik.*

Wat God se drie-enigheid, byvoorbeeld, betref, is Hy in *een opsig* één (in Sy wese), maar in 'n *ander opsig* drié (Hy is drie persone). Wesensmatig is God enkelvoudig; persoonsmatig is Hy drievoudig (Latyn, *una substantia tres personae.*) Wat ons hier moet raaksien, is dat, hoewel dit vir ons onbegryplik is, daar geen logiese teenstrydigheid in die drie-enigheid van God sit nie - want Hy is in *verskillende opsigte* terselfdertyd een en drie.

As ek sou sê dat een en dieselfde deurgesnyde waatlemoen in sy snit óf sirkelvormig óf ovaalvormig kan wees, is dit geen teenstrydigheid nie. As ek hom op sy langs-as sny, is die snit ovaalvormig; as ek hom dwars op sy langs-as sny, is die snit sirkelvormig. In verskillende opsigte kan hy dus meteen ovaal- én sirkelvormig wees. Maar as ek sou sê dat 'n deurgesnyde waatlemoen in 'n *bepaalde snit* sowel sirkelvormig as ovaalvormig is, is dit 'n teenstrydige stelling.

God se soewereiniteit en die mens se verantwoordelikheid is nié logies teenstrydig nie - want die mens se verantwoordelikheid lê op 'n mindere vlak as God se soewereiniteit. Laasgenoemde omvat eersgenoemde; eersgenoemde is ondergeskik aan laasgenoemde.

- *Paradoks* (Grieks, *para*, om langsaan iets te wees + *dokeo*, om te skyn, om na iets te lyk). 'n Paradoks lýk dus met die eerste oogopslag na 'n teenstrydigheid - maar dis net skynbaar so. Gegee die nodige begrip, is die aanvanklike raaisel oplosbaar.

- *Misterie* of *geheimenis* (Grieks, *musterion*). Dis 'n verskynsel of 'n waarheid wat té diepsinnig is om self te ontrafel. Dis nie 'n illusie nie, maar 'n realiteit wat jou verstand te bowe gaan.

'n Geheimenis hoef nie 'n misterie te bly nie. As jy jou eerste





rekenaar koop, is die werkinge daarvan vir jou 'n geheimenis. Maar gegee die nodige opleiding, is jy gou-gou gekonfyt.

Die Griekse woord, *musterion* (OAV, *verborgenheid*; NAV, *geheimenis*), is 'n baie belangrike tegniese begrip in die Nuwe Testament. Konsekwent dui dit op waarheid wat in Ou Testamentiese tye 'n misterie was, maar wat in Nuwe Testamentiese tye in Christus verduidelik, oftewel geopenbaar is. Rm 16:25-26 bring dit mooi na vore: "God is magtig om julle te laat vasstaan ooreenkomstig die evangelie van Jesus Christus wat ek verkondig, en ooreenkomstig *die openbaring van die geheimenis*. Eeue lank het dit geheim gebly, maar nou is dit geopenbaar."

Die samehang van God se soewereiniteit en die mens se verantwoordelikheid is nie 'n *teenstrydigheid* nie. Dis egter wel 'n *geheimenis*. Ons sou dit nooit self kon uitdink nie. Maar God hét dit aan ons geopenbaar.

Onkundiges dink die uitverkiesing is 'n *teenstrydigheid*. Maar dis vir hulle net 'n *paradoks* - totdat die nodige Bybellering die *geheimenis* vir hulle opklaar.

## GOD WERK MIDDELLIK - HY GEBRUIK INSTRUMENTE

❏ As God verordineer het dat ek moet leef, sê ek nie dis daarom onsinnig om asem te haal nie. As 'n boer glo dat God bepaal het dat hy 'n oes sal inbring, sê hy nie dis onnodig om te ploeg, te saai en te besproei nie.

Hierdie is 'n beginsel wat ons behoorlik moet vasvat. Die Here betrek Sy kinders as medewerkers in die inbring van die uitverkorenes wie se oomblik van redding aangebreek het. Verstommend soos dit mag wees, het die almagtige God besluit om ons stamelende, strompelende en struikelende stukkies gehoorsaamheid te gebruik in die insameling van Sy oes.

Hoe betrek Hy ons? Daar is veral drie maniere.

❏ Die Here gebruik sy kinders se godvrugtige lewens en goeie werke om 'n appèl op mense te maak. Dis waarom die Here Jesus in Mt 5:16 sê: "Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik."

❑ Die Here gebruik sy kinders se gebede in die uitwerk van Sy raadsplan in die algemeen, en Sy verlossingsplan in die besonder. Vandaar die belofte in 1 Jh 5:14-17: "En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra ... As iemand sy broer sonde sien doen wat nie tot die dood lei nie, moet hy bid en God sal die broer die ewige lewe gee."

Calvyn het gesê:"Gebed is om die skatte op te grawe wat God lank tevore reeds vir ons voorberei het."

❑ Die Here gebruik by uitnemendheid ook Sy kinders se evangelieverkondiging om Sy uitverkorenes in die kudde van Jesus Christus in te bring. Dis tog presies waarop Paulus in Rm 10 sinspeel as hy skryf: "... hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? ... Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor ..." (13-17). Vergelyk ook: Jh 17:17, 20; 1Kor 1:21; 2Ts 2:14; Jk 1:18; 1Pt 1:23.

❑ In Hand 18:9-10 lees ons hoe die Here in 'n gesig aan Paulus verskyn om hom te versterk en te bemoedig om voort te gaan met sy moeilike taak in Korinte: *"Een nag het die Here in 'n gesig vir Paulus gesê: 'Moenie bang wees nie; hou aan met preek en moenie stilbly nie, want Ek is by jou. Niemand sal jou aanval of jou kwaad aandoen nie, want in hierdie stad behoort baie mense aan My.'"*

As die apostel verneem dat daar tog wel baie uitverkorenes in die stad is wat nog tot bekering moet en sal kom, vra hy nie hulle name en adresse nie. Dit sou immers baie tyd en moeite spaar as hy hulle een na die ander kon byloop om hulle na Christus toe te lei. Ook pak hy nie sy goed, verlig dat hulle sonder hom tot geloof gaan kom nie.

Nee, nee! Hy gaan met nuwe ywer voort om te preek. Want hy verstaan dat sy verkondiging - soos ook sy lewe en sy gebede - ingeweef is in die uitwerk van God se raads- en verlossingsplan. Hy bly uiteindelik agtien maande daar, met 'n gemeente tot gevolg.

❑ Niks is 'n groter aansporing tot evangelistiese ywer as die wete dat bekering-sukses uiteindelik 'n noodwendigheid is nie. En die waarheid van uitverkiesing alleen bring hierdie versekering.

J.I. Packer stel dit so: "So far from making evangelism pointless, the sovereignty of God in grace is the one thing that prevents evangelism





from being pointless.... Were it not for the sovereign grace of God, evangelism would be the most futile and useless enterprise that the world has ever seen ..."

Sonder God se uitverkiesing en almagtige genade sou ons prediking en evangelisering tevergeefs gewees het - net so futiel soos om in 'n lykshuis vir 'n lyk te skreeu, "Staan op en leef!"

*As dit nie vir God se soewereine en uitverkiesende genade was nie, sou niemand ooit tot bekering gekom het nie. Maar omdat Hy wel ontelbaar baie uitverkies het, sál bekerings aan die orde van die dag wees totdat die Here Jesus terugkom. En as ek volhardend en getrou die suiwer evangelie verkondig, sal ook ek die vreugde van evangeliseringsvrug smaak.*

**MENS KAN AAN ENIGE KANT VAN 'N PERD AFVAL**

❑ Dit is kardinaal belangrik om die fyn en sensitiewe balans tussen God se soewereiniteit en die mens se verantwoordelik in die reddingsproses vas te hou. Mislukking wat dit betref, na enige kant toe, lei tot teologiese en praktiese skeeftrekking - met allerlei ellendes tot gevolg.

❑ Aan die een kant dwaal diegene wat 'n eensydige klem op die mens se verantwoordelikheid plaas. Daar is derduisende onkundige en mensgesentreerde Christene wat voet by stuk hou dat die finale inisiatief vir sy redding al dan nie, by die mens berus. Ja, ja, sê hulle, natuurlik is God by magte om enigeen teen sy wil die saligheid binne te sleep. Maar dit sal Hy nooit doen nie. Hy het gekies om Hom by die mens se wil en besluitneming te berus. Só staan Hy daarby dat "Hy vir jou niks kan doen as jy Hom nie kies en toelaat nie."

Daar is niks wat God nié kan doen nie! En nog nooit het die Here geabdikeer nie. Les bes is dit allermins wat die Skrif leer.

Soos dit met alle skeeftrekkings van Bybelse waarheid gaan, lewer ook hierdie dwaling sy kwota bitter en Godonterende vrug op.

❑ Aan die ander kant dwaal diegene wat die mens se verantwoordelikheid verwaarloos en 'n eensydige klem op God se soewereiniteit laat val.

Baie het deur die geskiedenis in hierdie fatale slaggat getrap. Hulle redeneer só: As God dan sekeres uitverkies, en die ander in hulle sonde los - en die Skrif leer dit onmiskenbaar - hoe kan ons die evangelie as 'n oop uitnodiging aan álle mense rig, terwyl ons weet dat talle van hulle nie uitverkies is nie? Dit kan tog nie in integriteit gebeur nie! Hoe kan ons mense wat nie uitverkies is nie, sonder meer verseker dat die water van die lewe verniet is, en daar is *vir* enigeen om te drink (Op 22:17)?

Die gevolg is dat diegene wat so redeneer spoedig geïnhibeer word om die evangelie aan alle mense, voor die voet, te verkondig. En veral sal hulle nie 'n oop evangelie-uitnodiging rig nie - in elk geval nie voordat hulle seker is dat die Gees in betrokke mense aan 't werk is nie. Hulle redeneer voorts só: Aangesien reddende geloof 'n gawe van God is, kan dit mos nie as 'n plig aan sondaars voorgehou word nie. Mense moet eenvoudig wag totdat hulle die gawe ontvang. Uiters kan evangeliserende prediking *ontdekkend* wees - sodat diegene in wie die Here werk, dit kan herken. Aan hulle kan die uitnodiging dan gerig word. Anders preek jy pligpleging - *duty-faith*.

So 'n benadering maak die kerk dood. Dit versmoor evangelisering. En dit veroorsaak tragiese pastorale ellendes. Mense sit jarelank in die kerk sonder geloofsekerheid. Hulle wag vir iets om met hulle te gebeur. En gevolglik raak hulle sieklik introspektief. Die probleem is dat mens nie gedurig na binne kan kyk, sonder om oorweldig te raak deur die feit van jou eie verdorwenheid nie. Dit vererger natuurlik net die probleem. Sulke mense sit dan jarelank getrou in die kerk, in die hoop dat die wederbarende evangelie tog ook een dag húlle harte sal deurboor.

Kerke wat prooi word van hierdie dwaling, kwyn en sterf mettertyd - soos die laaste *begenadigdes* heengaan. [11]

- Wat is die antwoord op bg. probleem? Mense moet na die balanse van die Skrif terugkeer en hul verantwoordelikheid in terme van God se Woord opneem en nakom! As hulle dan nie geloofsekerheid het nie, moet hulle eenvoudig die water van die lewe in die geloof begin drink. Dis vrylik beskikbaar en dis verniet!

11 Onlangs het 'n goed-ingeligte Britse vriend my meegedeel dat talle sulke gemeentetjies in Engeland minder as 10 lidmate oor het.





- Daar is 4 redes waarom ons ten alle koste aan 'n *oop* evangelie-aanbod moet vashou, waarom ons sondaars daarvan kan verseker dat God se heilsuitnodiging en genade-aanbod eerlik en opreg is, en waarom ons skuldig staan as ons nie die evangelie aan alle mense verkondig nie.

Eerstens, die Skrif leer duidelik die verantwoordelikheid en aanspreeklikheid van elke mens voor God - ook wat bekering betref.

Tweedens, die Skrif rig talle oop uitnodigings aan sondaars - en beveel die kerk om voort te gaan daarmee.

Derdens, die reg tot geloofsbeoefening, geloofsbelydenis en geloofsekerheid is gesetel in die verbondsbeloftes van God - en nie in my belewinge daarvan nie.

Vierdens, die Bybel leer God se opregte liefde vir sondaars, asook Sy behae daarin dat hulle na Hom toe sal kom vir redding (vgl. Eseg 18:23; 30-32, OAV).

## DUBBELE UITVERKIESING?

❑ As daar dan so iets soos uitverkiesing is, en as dit nie alle mense insluit nie, kan ons eenvoudig nie die implikasie ontkom dat voorverordinering of predestinasie *twee kante* het nie (vgl. Rm 9:22; 1Pt 2:8). Ons durf nie net van Jakob praat nie; wat van Esau?

Daarbenewens moet ons nadere aandag gee aan die hele kwessie van *verharding* - soos in die geval van Farao (Rm 9:17-18).

❑ Daar is verskillende beskouinge oor die dubbele karakter van predestinasie. Sommige wil dit simmetries benader, en sien dit dan só: net soos God in die lewens van sommige ingryp en geloof in hulle skep, so skep Hy ongeloof in die harte van die verworpelinge. Hierdie dwaling is nie net afstootlik nie, dis ook lasterlik, aangesien dit God die outeur van die verloregaandes se sonde maak.

Hierdie is nié die Bybelse standpunt nie!

❑ Dit is kardinaal belangrik om te verstaan dat sommige van God se raadsbesluite *positief of aktief* is, en andere weer *negatief of passief*.

Wat die uitverkiesing betref, werk God *aktief* in die uitverkorenes, sodat hulle kan sien en glo en kies en gehoorsaam.

Wat die verloregaandes betref, het God besluit om *passief* by hulle verby te gaan, en hulle in hul sonde te los. Hy skep dus nie ongeloof in hulle harte nie - dis reeds daar. Sedert die sondeval is die natuurlike mens immers radikaal verdorwe en in Adam verlore. God dwing mense nie om te sondig nie, hulle besluit self om te sondig - na hartelus.

❑ Hoe moet ons nou die Bybelse uitsprake verstaan dat God onder meer vir Farao *verhard* het? (Eks 4:21; 7:3; 9:12,16; 10:1-2; 11:9-10; 14:4; 1Sam 6:6).

Hoe het God sy hart verhard? Daar is net 2 maniere waarop Hy dit kon doen: aktief of passief.

- In eg. geval sou dit daarop neerkom dat God doelbewus in Farao se hart gewerk het om 'n verdere boosheid daar te skep. Sekerlik sou God op hierdie manier Sy doel bereik het, maar dit sou Hom meteen die outeur van Farao se sonde gemaak het.

- Passiewe verharding is radikaal anders. *Al wat nodig is vir die verharding van 'n sondaar se hart, is om hom aan sy eie sondegeneigdheid oor te laat.* Hierdie oordeelshandeling van God kom weer en weer in die Skrif voor.

Om dit te verstaan, moet ons die konsep van God se *algemene genade* in gedagte hou. Dit is Sy liefdesguns oor alle mense, wat op talle maniere tot uitdrukking kom. So laat Hy byvoorbeeld reën oor regverdig en onregverdig. Hy sorg vir almal en gee ook aan ongelowiges verhewe gawes. Nog 'n kardinaal belangrike aspek van algemene genade is God se weerhouding van hierdie gevalle wêreld om in die volle diepte van sy eie verdorwenheid in te sink. Wat ons nou moet raaksien, is dat dit al is wat mense daarvan weerhou om net so sleg en boos soos demone te word. Tot *die mate* dus wat God 'n man of vrou, of selfs 'n samelewing, se leisels laat skiet, tot daardie mate sal so 'n persoon of groep versleg. Om nog 'n spreekwoord te gebruik: elkeen wat genoeg *tou* kry, *sal homself ophang* - op aandrang van sy eie verdorwe hart. Wee hom wat aan homself oorgelaat word!

God het dus Farao se wil geen geweld aangedoen nie. Hy het hom bloot meer vryheid gegee. En vir sy optrede was die Egiptenaar volledig self verantwoordelik - God was nie aandadig aan sy sonde nie.





- God gee dus genade aan Sy uitverkorenes deur aan hulle nuwe harte te gee, met alles wat daaruit voortvloei. Daarenteen gee Hy reg en geregtigheid aan die res deur hulle in hulle eie sonde te los. Eersgenoemde groep ontvang Sy liefdesguns, die ander sy reg. Niemand is die prooi van onreg nie, niemand kan God van ongeregtigheid beskuldig nie.

---

# DIE GROND VAN GENADE

## Volkome versoening

---





Alle mense, sonder uitsondering, is van nature skuldig en daarom doemwaardig voor God (Rm 1:18-3:20). Almal is onder Sy toorn (Rm 1:18). *Dis die mens se grootste probleem!*

Job het al hierdie brandendste van alle vrae gevra: "Kan 'n mens ooit onskuldig wees in die oë van God en sonder blaam voor sy Maker staan?" (4:1). En: "... hoe kan 'n mens regverdig wees by God?" (9:2, OAV). Geen belangriker vraag kan ooit gevra word nie!

❑ Maar dan begin Rm 3:21 met twee van die wonderlikste woorde in die Bybel: "Maar nou ..." (Gr. *nuni de*).

Dit word gevolg deur een van die rykste uiteensettings van die evangelie in die ganse Woord (Rm 3:21-31). Aan die hart van hierdie verse is v.25. En aan die hart van v.25 is die woord *hilasterion* (vertaal met "versoening").

• Die heidene het natuurrampe en ander probleme aan die woede van iesegrimmige gode gewyt. *Hilasterion* is die woord wat in klassieke Grieks gebruik is vir die offers wat gebring is om hulle te paai. Sonder om die lewende God met die heidendom te assosieer, kan ons aanvaar dat die geïnspireerde apostel met presies hierdie idee werk. So aanvaar die regsinnige teologie dit nog altyd. Rm 3:25 praat dus van die kruis - en veral van God se toorn wat daar op Sy Seun ingebrand het.

*Hilasterion* sê in 'n enkele woord wat Jesus Christus op Golgota gedoen het!

### DIE TOORN VAN GOD

❑ Male sonder tal het die Bybel dit oor God se toorn - selfs meer as oor God se liefde. Presies hiermee begin die apostel Paulus dan ook sy wonderlike uiteensetting van die evangelie in Romeine (Rm 1:18).

*God se toorn is Sy ewige en absolute afsku van alle ongeregtigheid en sonde - asook Sy handelinge om uitdrukking aan hierdie afsku te gee. Dis die heiligheid van God in aksie teen alle sonde.*

❑ Die toorn van God is net soveel een van die volmaakthede van Sy karakter as Sy liefde, trou en genade. Ongeërgdheid en afsydigheid t.o.v. sonde sou immers getuig het van morele onvolmaaktheid in Hom.

## DIE STRAFDRAENDE PLAASVERVANGER

❑ Dis moeilik om 'n bevredigende vertaling vir *hilasterion* te vind. "Versoening" sê nie genoeg nie.

- In Engels word die woord *propitiation* gebruik: "Some offering, sacrifice or suffering sufficient to win forgiveness or make up for an offence. It is an action that makes the governing power propitious (kindly disposed, gracious) toward the offender; it appeases the lawgiver" (Funk & Wagnalls, College Standard Dictionary).

Millard J. Erickson stel dit so in sy *Concise Dictionary of Christian Theology*: "A reference to the idea that Christ's atonement satisfies the wrath of God."

> Christus was die *Strafdraende Plaasvervanger* (*Penal Substitute*) wat God se toorn namens ons gedra het.

❑ *Plaasvervanging!* Dit vind plaas wanneer iemand in die plek van 'n ander optree - en wel só dat dit nie meer vir die ander nodig is om dit te doen nie.

'n Tuinwerker is byvoorbeeld vir my 'n plaasvervanger.

- In Rm 5:8 en Gl 3:13 word die voorsetsel *huper* (ter wille van, namens) met "vir" vertaal. En in Mt 20:28; Mk 10:45 en 1Tm 2:6 word 'n ander voorsetsel, *anti* (in plek van, in ruil vir), weereens met "vir" vertaal.

  - "Christus het ons losgekoop van die vloek van die wet deur *vir* ons 'n vloek te word ..." (Gl 3:13, OAV).

  - "Die Seun van die mens het ... gekom ... om te dien en sy lewe te gee as losprys *vir* baie ..." (Mk 10:45).

❑ *Strafdraend!* Hierdie kwalifikasie bring Christus se plaasvervangende werk in verband met God se geregtigheid en toorn, asook met die morele wet se eise.

*Op Golgota het God se toorn teen die sonde van mense op Sy eie Seun in gebrandgtas!*





> Jesus Christus, gedring deur 'n vasberade liefde om al die nodige te doen vir my redding, het *God se verskriklike oordele*, waarvoor ék bestem was, *volledig namens my gedra* en sodoende vir my vergiffenis, aanneming as kind en ewige heerlikheid bewerkstellig.

❑ Elke ware gelowige móét hierdie waarheid verstaan. Dit lê immers aan die hart van die evangelie en van sy verlossing. En vir soverre hy dit begryp en glo, sal dit lewensveranderende effekte op hom hê. Daarom ken Christene dwarsdeur die eeue hiérdie twee belewinge:

- 'n Diep hartswete: hiervoor is ek alles - my ganse lewe - aan my Verlosser verskuldig.

- 'n Onwankelbare innerlike sekuriteit - wat 'n onuitputlike bron word van vrede, vreugde en lof.

### IMPLIKASIES

❑ Die feit dat my Plaasvervanger *strafdraend* moes optree - en wel op so 'n verskriklike wyse - impliseer ontkombaar dat ék vir my oortredings en mislukkings in terme van Sy wet strafwaardig voor God was, en dus op pad na die ewige verdoemenis. Presies dit is die punt van Rm 1:18-3:20. Hy het verduur wat mý toegekom het.

Hieruit volg vier uiters belangrike stelle waarheid:

**1. Waarheid met betrekking tot God.**

Dis uiters belangrik om te verstaan dat Christus nie *teenoor* Sy Vader op Golgota gestaan het nie. Dis 'n totaal verwronge en Godonterende idee dat Hy "arme sondaars" teen Sy Vader se woede beskerm het.

❑ *Golgota was ten diepste die Vader se inisiatief.* Dis die Vader wat Sy Seun daar "gegee" het (Rm 3:25). Letterlik sê die betrokke werkwoord dat die Vader Sy Seun op Golgota *voor Homself neergesit het*.

Hoe aangrypend voorsien Jesaja dit nie! "Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor óns

oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom" ... "Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, om hom die pyn te laat ly." (53:4-5, 10).

❑ Agter die kruis moet God se *heilige geregtigheid* dus gesien word. Op Golgota is Sy toorn teen my sondeskuld bevredig. Dit het reggemaak wat verkeerd was in Sy oë. Elke kriesel skuld is betaal.

❑ Die kruis beklemtoon die volmaaktheid van *God se wet* en dat Hy onwankelbaar en kompromieloos daarby staan as morele standaard vir die mens. Die diepste grond vir die redding van sondaars is en bly volmaakte wetsonderhouding - *dié van die mens Christus Jesus!*

**2. Waarheid met betrekking tot die mens.**
Sedert Golgota kan geen twyfel bestaan oor die erns van God se waarskuwing in Gn 2:17 nie: "Die dag as jy daarvan eet, sterf jy."

❑ Daar kan nie 'n groter en meer beledigende sonde wees as om só 'n Plaasvervanger weg te wys nie (Hb 6:6; 10:29). Daarom sal God elkeen wat sy rug op Sy genade-aanbod draai, met 'n strenger oordeel straf as diegene wat nooit die evangelie gehoor het nie.

❑ Niks beklemtoon die onontkombaarheid van die ewige verdoemenis vir diegene sonder 'n plaasvervanger méér as die feit van Golgota nie. *Sal die lewende God 'n rebel oorsien, as Hy Sy eie Seun nie gespaar het nie?*

**3. Waarheid met betrekking tot Jesus Christus.**
As ware mens het Hy ons plek onder God se toorn ingeneem. Hy het dus die dood ondergaan waarvoor ons bestem was - liggaamlik en geestelik. Dis waarom Hy uitgeroep het: "My God, My God, waarom het U My verlaat?" (Mk 15:34). Hier is die onwankelbare fondasie van ons vryspraak en immuniteit in terme van die Wet.

❑ Talle sê dis immoreel *dat een 'n ander se straf* moet dra. Hierop kom die Skrif met 'n duidelike antwoord: die Seun het Homself *vrywillig* hiervoor geoffer. Jesus Christus se gewillige opoffering van Homself as





Plaasvervanger is sekerlik een van die Skrif se aangrypendste beklemtonings is.

- Vier keer in die gedeelte oor die Goeie Herder beklemtoon Hy dat Hy Sy lewe aflê vir die skape (Jh 10:11, 15, 17, 18).

- In Ef 5:2 skryf die apostel: "Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was."

- Fl 2:6-8 skets Sy 3 stappe van self-vernedering: Hy het afstand gedoen van Sy "bestaan op God-gelyke wyse" (6); Hy het 'n slaaf geword deur volledig die menslike natuur aan te neem (7); Hy het Homself nog verder verneder deur in passiewe gehoorsaamheid toe te laat dat Hy as strafdraende plaasvervanger gekruisig word (8).

- As handelingsgelykenis het die voetwassing in Jh 13 presies dit gesê. Christus het gekom *om Sy dissipels te was* - *en dit sou tot* uitdrukking kom in die nederigste van alle slawewerk (die junior-slaaf moes altyd die gaste se voete was).

❑ Let op hoe die dissipels keer op keer opgeroep word om Christus in Sy diensbaarheid na te volg. En gehoorsaamheid hieraan, waarskynlik meer as enigiets anders, is die teken van ware dankbaarheid, liefde en navolging.

**4. Waarheid met betrekking tot reddende geloof.**
Geloof begryp dat God se vereistes en standaarde vir die mens volledig en onveranderd bly staan tot in ewigheid, en dat die ewige straf wat God belowe het vir mislukking en rebellie, onafwendbaar rus op elkeen buite Christus.

*Ware geloof aanvaar egter ook dat die straf vir my sonde - indien ek inderdaad in Christus skuil - reeds op Christus ingebrand en uitgewoed het.*

❑ So bring ware geloof dan *gewetensrus*. Toplady sing: "Payment God cannot twice demand, first from my bleeding Surety's hand, and then again from mine."

• 'n Voorbrand dien as brandbeveiliging. Waar 'n vuur eenmaal gebrand het, brand dit immers nie weer nie!

Die vuur van God se toorn het *reeds* op Christus ingebrand. Daarom sal daar op die oordeelsdag net één veilige plek wees: Golgota se voorbrand!

*Ware geloof gaan nie net eenkeer Golgota toe nie; dit bly skuil voortdurend by die kruis!*

❑ Twee wesenstrekke van ware geloof volg hieruit:

• Dit *begryp* en *omhels* God se vrye gawe van vergiffenis en regverdiging in Christus - vir lewe en dood, tyd en ewigheid. Dis die hart van reddende geloof. 'n Christen sterf met sy Verlosser se Naam op sy lippe.

• Wesentlik is ware geloof 'n *wegkyk van jouself - na Christus toe, en besonderlik na Hom as die Gekruisigde.* Volwasse gelowiges soek dus nie die grond vir hul vergiffenis en toekomshoop in eie belewinge nie. Hulle weet, voortdurende introspeksie is 'n onfeilbare resep vir moedeloosheid. Ja, hulle ondersoek hulleself gereeld (2Kor 13:5), maar steek nie daar vas nie. Hulle sondebesef dryf hulle weer en weer na Christus toe.

*Redding is objektief - dit gebeur in die eerste instansie buite my.* Regverdiging is "'n inskrywing in God se boeke." Heiligmaking is vrug, nie voorwaarde nie.

~ Laat ons die koperslang in die woestyn onthou (Num 21:8-9). Al wat nodig was vir genesing, was om te *kyk*. Jesus gebruik hierdie beeld as Hy oor Sy komende kruisiging praat - en oor die wese van geloof (Jh 3:14-18). *Geloof is om jou oë op Christus vas te nael!*

Waarom 'n slang? In die Bybel is dit 'n simbool van boosheid. Die koperslang was dus 'n stuk profesie dat die Messias "sonde vir ons gemaak" sou word - dat Hy ons strafdraende Plaasvervanger sou wees (2Kor 5:21, OAV).

❑ *God se verlossing is toeganklik vir almal - ongeag hoe groot jou sonde, onvermoë of onwaardigheid ook al is!* Al wat immers nodig is, is om vanuit jou magtelose bankrotskap na Christus te kyk. Jy hoef niks





te doen nie. Jy moet net *kyk*!

Trouens, jy durf niks probeer doen nie. *Enersyds* weerhou dit jou van kyk soos jy moet - afhanklik en vertrouend (Israeliete wat hulleself probeer dokter het, het gesterf van die slanggif, want hulle het nie by *kyk* uitgekom nie). *Andersyds* is Christus óf alleen-redder, óf glad nie.

• In Mt 5:3 sê die Here presies dit. Letterlik staan daar: *Salig* is die *geestelike bedelaars*, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele.

• Die Christelike geloof verskil wesentlik van alle godsdienste - ook van *churchianity* - wat op moralisme en seremonies staatmaak vir redding.

*Nee, redding is nie godsdienstiges wat na die Allerhoogste toe opklim nie; dis God wat in Christus na bedelende sondaars toe afbuig!*

**VOLKOME VERSOENING**

❑ By die lees van die Nuwe Testament is mens se eerste indruk dat Christus vir alle mense gesterf het. Dis in elk geval hoe meeste Christene vandag dink. Sê Hb 2:9 nie dat Hy vir almal gesterwe het nie? En wat van 1Jh 2:2, wat sê dat Hy 'n versoening vir die sondes van die hele wêreld is?

'n Meer diepsinnige omgang met die Nuwe Testamentiese openbaring laat mens egter besef dat hier meer ter sprake is as 'n paar bewystekste wat sonder in agneming van hulle konteks gelees word.

❑ As *plaasvervanging* dan beteken dat iemand só in die plek van 'n ander optree dat hý nie meer nodig het om dit te doen nie, ontstaan die vraag onvermydelik waarom sommige mense dan nog verlore gaan?

Was die Here Jesus se werk dalk nie so volkome soos wat ons dink nie? Het Hy dalk vir ál my sonde gesterf, behalwe vir die sonde van ongeloof? Was Sy soendood bloot die daarstelling van die moontlikheid dat mense wat graag wil, gered word?

Of, as Christus wel 'n *volkome* plaasvervanger vir álle sondaars was, kan ons wegkom van die implikasie dat diegene wat verlore gaan se sonde dubbeld gestraf word? Sou dit regverdig wees?

*Of, was Christus se plaasvervanging aan die kruis dalk net op bepaalde persone gerig - die uitverkorenes?*

❑ Die vraag is dus: *Vir wie het Jesus Christus Homself geoffer? Namens wie het Hy plaasvervangend en strafdraend onder God se toorn gesterf? Wie het Hy met God versoen? Wie het Hy verlos van die vloek van die Wet, van die skuld en krag van sonde, van die slawerny van Satan?* Heel eenvoudig gestel: *Vir wie het Christus gesterf?*

Hierdie vraag bring ons by die hart van God se genade vir sondaars. Dit het te doen met die essensiële aard van die Seun se sending en wat dit presies bewerkstellig het. Dis nie maar 'n klomp spekulasies nie, maar teologies en leerstellig is dit van die allergrootste belang. En soos dit sonder uitsondering gaan met enigiets wat teologies belangrik is, het dit ook radikale pastorale en praktiese implikasies.

❑ Op die vraag vir wie Christus gesterf het, en presies wat die kruis vir sondaars doen, is daar basies 2 antwoorde.

Die eerste antwoord sê dat dit net die *moontlikheid* daarstel vir *alle* mense om gered te word. Die ander antwoord sê dat dit *sommige mense waarlik en volkome red*.

Die eerste antwoord impliseer dat diegene wat uiteindelik gered word, hulle redding te danke het aan, enersyds, die kruis (wat die pad oopgemaak het), plus, andersyds, hulle besluit om God se heilsaanbod te aanvaar.

Die ander antwoord staan kompromieloos daarop dat elkeen wat gered word, *dit volledig te danke het aan Christus se kruiswerk - wat nie net die grond is van diesulkes se redding nie, maar ook die noodwendige waarborg daarvan*. Vanuit Christus se versoeningswerk is nie net die deur van redding oopgesluit nie - alle voorwaardes aan die mens se kant vloei óók daaruit.

❑ Talle Nuwe Testamentiese uitsprake dui onmiskenbaar daarop dat Christus vir 'n spesifieke groep mense gekom het, mense wat deur die Vader in die verlossingsverbond aan Hom "gegee" is. Met die oog daarop dat Hy alles moes kom doen wat vir hulle redding nodig was, is hulle aan Hom toevertrou.

- Jh 6:35-40; 10:11, 14-18, 24-30; 17:1-12, 20, 24-26. Let op dat





Jesus nie in Jh 10:26 sê dat hulle nie Sy skape is, omdat hulle nie glo nie; Hy sê dat hulle nie glo nie, omdat hulle nie Sy skape is nie.

- Vergelyk ook Mt 1:21 (Jesus verlos Sy *volk* van hulle sondes); 20:28 (die Seun het Sy lewe gegee as 'n losprys vir *baie*, nie vir almal nie); 26:28 (Christus se bloed is vir *baie* gestort); Jh 11:50-53 (Jesus het vir die *verstrooide kinders van God* gesterf, OAV); Hd 20:28 (God het *Sy gemeente* verkry deur die bloed van Sy Seun); Hb 2:17; 9:15 (Sy dood het plaasgevind ... sodat die wat geroep is, die beloofde ewige erfenis kan ontvang), 28 (Christus is geoffer om die sondes van baie weg te neem); Op 5:9.

❑ Dikwels gebruik die Nuwe Testament doelsinne om te beklemtoon dat Christus gekom het om iets baie spesifieks te doen - dat Hy nie net gekom het om redding moontlik te maak nie, *maar om dit inderdaad te bewerkstellig*.

Neem byvoorbeeld die talle versekerings dat Hy gekom het om ons te verlos. Hy het tog sekerlik nie net gekom om ons *verlosbaar* te maak nie! *Dit beteken dat Hy ons gekoop het - soos 'n slaaf op 'n antieke slawemark losgekoop is - deur met Sy eie bloed te betaal.* Ons is Syne! Die saak is afgehandel! Dis tog die triomf-boodskap van die Nuwe Testament. Laat dit ver van ons wees om dit af te water - ten einde vir die mens darem nog 'n rol in sy eie verlossing te gee.

Ja, die uitwerk van hierdie verlossing moet dan nog plaasvind. Maar, wat Christus as Hoëpriester wetlik verseël het, sal Hy wel as Koning mettertyd in Sy eiendom verwerklik - deur die wederbarende en heiligmakende werk van Sy Heilige Gees.

- Hy het gekom om sondaars van die *krag en gevolge van hulle sonde te red* (nie net om dit moontlik te maak nie) (Mt 1:21; Lk 19:10; 1Tm 1:15).

- Hy het gekom om sondaars vir Homself te *verlos en los te koop* (nie net om dit moontlik te maak nie) (Gl 1:3-4 3:13; Kol 1:13-14; Tit 2:14; Hb 9:12; Op 5:9).

- Hy het gekom om sondaars se *skuld te betaal* en die straf op hulle sonde te dra (nie net om dit moontlik te maak nie) (Rm 3:24-25;